

en ons grond uitlos?

In Afrika word net teenstaanders gerespekteer wat bereid is om vir hulself op te staan.

MAARTEN KRUGER

Brief per e-pos ontvang

Namakwaland steier

Ek het in Namakwaland grootgeword en woon op die plaas Klipdam in die Sandveld. Namakwaland is sinoniem met droogtes, maar almal weet ook van ons blommeprag.

As die Groenrivier afkom, is dit 'n groot opgewondenheid. Almal onthou die groot vloed van 1961. Ek het as jong getroude op Klipdam kom woon. Ek onthou die kere baie goed toe die rivier die see bereik het: 1974, 1996, 1997, 2006 en 2007.

Ons gemiddelde reënval is 125-150 mm per jaar. Daar was nog altyd droë jare in Namakwaland. Ek hou 'n reënvalkaart van 1988 af op Klipdam. Dit is opvallend dat die weerpatroon baie verander het, veral in die afgelope agt jaar:

- Die reën kom later in die jaar.
- Die neerslag is minder op een slag.
- Die tye tussen reën is verder uitmekaar.

Dit bring mee dat ons meerjarige plante (weiding) vrek. Die neerslae is te min om bosse se wortelstelsel te bereik – 5 mm help nie vir groei nie. In die afgelope twee jaar was daar nie opslag by ons nie. Die reën is te ver uit mekaar om opslag te laat groei. Klein bossies kom op, maar vrek weer omdat opvolgreën te min en te ver uitmekaar is.

Die gevolge is skrikwekkend: Na raming is 50% van

ons bosse op Klipdam dood. Vir 2022 en tot nou toe vanjaar (Mei) was ons reënval 46 mm. Geen reën het in April en Mei vanjaar geval nie. Ons kry baie sterk wind wat dooie bosse uitwaai en die bogrond wegwaai.

Die afgelope agt jaar het alles uit die boerdery getap. Boere moet voer koop om hul diere aan die lewe te hou. Voer is baie duur en soms van swak gehalte. Van die staat kry ons geen hulp nie.

Dinge lyk nie goed vir die Namakwalandse boer nie. Die staat sal droogtehulp moet bied aan hierdie blykbaar vergete deel van Namakwaland.

BETTIE VAN ZYL

Klipdam

Swak regering al hoe sigbaarder

Onderliggend is daar nie veel verskil tussen staatsbeheerde instellings en plaaslike owerhede nie – die meeste word swak bestuur. Die verkiesing van raadslede het ook vele gebreke, want dit gaan gewoonlik gepaard met 'n politieke kultuur wat nie noodwendig gegrond is op ervaring en individuele integriteit nie.

Vele plaaslike owerhede en staatsinstellings is klaarblyklik wanfunksioneel omdat besluite in raadsale polities geïnspireer is en nie geneem word om belastingbetalers se belange te beskerm nie. Later raak dit 'n gemors.

Dit is waar dat belastingbetalers self hul verteenwoordigers kies en as dinge verkeerd loop, is belastingbetalers self te blameer. Raadslede werk min per maand en word baie goed (of te veel) betaal. 'n Goeie direksie het gewoonlik 'n ervare en verantwoordelike voorsitter.

DIE WEEK KUIER ONS BY...



Louis Meyer is die eienaar van die oudste Brahmanstoetery in Suid-Afrika, Loriza

Brahmane, wat al verskeie eerbewyse ingepalm het. Louis woon by Lichtenburg en het ook boerderybelange by Nietverdiend, Zeerust en Mosselbaai. Lees die artikel op bl. 46.

Het jy ná skool gestudeer?

Ek spot altyd en sê ek het 'n QBE behaal: *Qualified by experience*, danksy my reise na die buiteland en die inligting wat ek by vooraanstaande

de boere insamel.

Het jy 'n stokperdjie?

Boerdery is my stokperdjie.

Waar hou jy vakansie?

My vakansies is meestal werksvakansies in lande waar daar ernstig geboer word, waar ek groot boere besoek en internasionale kongresse bywoon. Ons vaar goed in Suid-Afrika, maar kan nog baie leer.

Watter sportspanne ondersteun jy?

Verskeie sportsoorte en spanne. Dit is altyd mooi om te sien hoe vasberade 'n span kan wees om te wen.

Eskom se probleme

Eskom is ook ter sprake. Eskom is aanvanklik gestig om werk te skep en is goed bestuur. Werknemers was lojaal en eerbarm, en het nie belang gestel om Eskom te saboteer (hoogverraad) of om kragsentrales met vuil steenkool te voer nie. Eskom kon in latere jare selfs spog dat hy die goedkoopste krag ter wêreld verskaf.

Vandag is Eskom ten gronde. Hy sukkel met kontantvloei en is blykbaar nie in staat om sy rentelas van R20 miljard te betaal nie. 'n Skuldalas van R425 miljard spreek boekdele oor swak bestuur. Ongerymhede kom ook voor.

Volgens een skatting het Eskom 25 000 oortollige werkers. 'n Verdere probleem is sy baie hoë gemiddelde salarisskaal van R61 000 per maand, wat tot grootskeepse kontantvloei-

probleme lei. Die aflegging van 7 000 oortollige werkers per maand sal voldoende wees om Eskom se totale skuldalas in een jaar ten volle af te los.

Wat verbruikers betref, is Eskom wanfunksioneel, want kragvoorsiening neem al dekades lank af, wat besighede laat sluit en ervare werkers hul werk laat verloor.

Die aanstelling van 'n minister van elektrisiteit is net 'n rookskerm, want Eskom kan onmoontlik reggeruk word. Te veel het al té verkeerd geloop. Kernkrag en gas sal onmiddellik oorweeg moet word. Nie deur daaroor te praat en te praat nie, maar deur dit in te span.

Ramphulp

Vloedskade van miljarde rande word gewoonlik tydens 'n vloed langs die Benede- ▶